**| GHA DIGKOMPETISIE | 2024 |**

Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA) se 20ste Digkompetisie is in volle swang!

Vanjaar is daar ‘n verskeidenheid van **11 afdelings/temas vir volwassenes** en **10 afdelings/temas vir skoliere**.

’n Kieskeur van die ingeskrewe gedigte sal in die digbundel, **Stemme uit die Suiderland XIX**, gepubliseer word.

**Prysgeld**, **trofe**ë, **medaljes** en **sertifikate** is op die spel vir alle deelnemers.

Wenners sal tydens ’n **Glansgeleentheid op 2 November 2024**, te Pretoria aangekondig word.

⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞

**Die GHA nooi alle persone met taalvaardigheid, die ondersoekende persoon, die humanitêre stem, die filosoof, die digter van daar oorkant en die jongeling wat dinge nuut skryf, om deel te neem. Dis ook 'n goeie geleentheid om gedigte wat iewers in ‘n laai lê en stof vergaar, in te skryf!**

Waarom juis die skryf van gedigte?

- Poësie bevorder by uitstek woordkuns en taal.
- Poësie het terapeutiese waarde, nie alleen in die verwerking van trauma, maar ook met ander lewenskwessies.
- Poësie is ’n medium tot protes en verset teen politieke en sosiale werklikheid.
- Poësie speel ’n belangrike sosiale rol op die verhoog en in teater.

“Poësie is vir my ’n verkenning van die wêreld en van myself, maar eintlik van myself. Dis ’n spel van vereenselwiging, ’n gesig in die spieël,” het Ernst van Heerden, bekende digter van weleer, gesê.

Kyk dus na jou lewe en sién die koddige, die interessante, die melodrama, die worsteling. Sintuie is ’n effektiewe manier om boodskap oor te dra. Gebruik assonansie, alliterasie, metafore, ritme, ironie en ander stylfigure. Skryf iets vrugbaars, iets van waarde, iets wat jou diepste emosie en gevoelens uitdruk, soos verwoord deur Theresa Postma.

⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞

**TEMAS – VOLWASSENES 2024**:

**A. Ons Land**
**B. My huis**
**C. Taal en Kultuur**
**D. Fantasie**
**E. Humor**
**F. Die ou tyd**
**G. Toekomsdrome**
**H. Liefde**
**I. Musiek**
**J. Geestelik**
**K. Arbeid Adel**

**TEMAS - SKOLIERE 2024**:

**1. Liefde**
**2. Herinneringe**
**3. As ek Skoolhoof was**
**4. Verwagtinge**
**5. Drome**
**6. Ankers**
**7. Familie**
**8. Groepsdruk**
**9. Ek kan en ek gaan**

**10. Taal en Kultuur**

⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞

Inskrywings sluit op 30 Junie 2024 om middernag.
Kontak **081-2505-060** vir ál die besonderhede. Alternatief, stuur gerus 'n e-pos aan **gha@afrikaans.org.za**

⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞⁞

Dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van die vakbond Solidariteit, is die beskermheer van hierdie kompetisie.

